**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1**

Tuesday 18 November 2003 (afternoon)
Mardi 18 novembre 2003 (après-midi)
Martes 18 de noviembre de 2003 (tarde)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a commentary on one passage only. It is not compulsory for you to respond directly to the guiding questions provided. However, you may use them if you wish.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- Ne pas ouvrir cette épreuve avant d'y être autorisé.
- Rédiger un commentaire sur un seul des passages. Le commentaire ne doit pas nécessairement répondre aux questions d'orientation fournies. Vous pouvez toutefois les utiliser si vous le désirez.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un comentario sobre un solo fragmento. No es obligatorio responder directamente a las preguntas que se ofrecen a modo de guía. Sin embargo, puede usarlas si lo desea.

*Skryf kommentaar oor* ***een*** *van die volgende tekste:*

**1.** (a)

**kalwerliefde**

Sondagagtermiddaens verf ons ons naels
en blaas ons hare op
ons vergader op hoeke
voor kafees
en haal almal saam die moltrein
van fliek tot coca-cola diskoteek
heup teen heup
en tong om tong
ons weet nog nie tongsoen is ongesond nie
en soms, as die ander
ons in die steek laat
bevind ons ons alleen
ons dra pienk onderklere
'n roos is 'n roos is 'n roos …
ons het baie baie lief
ons huil en kou gom
totdat dit seermaak
dis 'n verligting as dit ook agter die rug is
en ons ons naels kan verf
en ons hare opblaas

Hulle sê iewers in die baarmoeder van klip
is klokke van glas
wat lui en lui
hulle sê iewers buite is heuwels
van skaamte
met bome vol nartjies en rose

Breyten Breytenbach, *Ysterkoei-Blues* (1975)

– Die "ons" in die gedig skyn jong tienermeisies te wees. Hoe weet ons dit?

– Die digter suggereer dat kalwerliefde anders is as liefde tussen meer volwasse pare. Kan jy verduidelik.

– Die tweede strofe suggereer egter 'n sluimerende nuwe fase in die tienderjariges. Hoe interpreteer jy die evokatiewe beelde in die laaste ses reëls?

**1.** (b)

Hier volg die slot van 'n kortverhaal *Die Tier* vertel uit die oogpunt van 'n tienderjarige meisie. Die luiperd word deur jagters in die berge met honde gejag en die dooie dier teruggebring onder groot opwinding. Dié nag sluip die meisie uit na waar die dooie tier onder 'n boom lê.

Ek het nader gegaan en naby die tier gehurk.

Sy kolle was heeltemal sigbaar in die halflig; klein, ronde, donker vlekke op die huid, asof iemand daar katpoot gemaak het. Hy was heelwat kleiner as wat ek gedink het. Soos hy daar gelê het, het hy my laat dink aan een van die dorpshonde wat rustig slaap op 'n somersdag.

Hy was heeltemal dood. Om hom was daar 'n wilde ruik, soos wanneer jy in die veld op 'n vreemde kruie trap. Op sy hele liggaam was daar nie een letsel nie. Hy was heeltemal heel. Ek het om hom geloop. Toe het ek gaan sit en my oop hand op sy flank laat sak.

Die hare was onverwags sag.

Die tier het nie omgekrul en my verskeur nie. Daar het heeltemal niks gebeur nie. Ek het met my hande oor sy liggaam gestryk, met my vingerpunte sy kolle nageteken, met my vingers in sy sagte, koue voetkussing gevoel.

Sy stert is ongewoon dik vir sy liggaam. Daar word die kolle groot, al hoe groter, totdat die hele ronder stertpunt een donkerte is. Op sy pote af word die kolle kleiner, totdat dit amper stippels is. Op sy flanke word die kolle weer groter. Langs sy geslote mond is 'n donker lyn op neus toe, asof 'n kind dit met een, twee, drie liefderyke hale van die donker kryt ingekleur het. Van sy mond af sprei drie rytjies kolle. Uit elke kol groei 'n snorbaard.

Op sy voorkop is die spikkels klein. Uit sy ore kom 'n ruigtetjie wilde hare. Op sy kop is 'n groefie waar die hare na mekaar toe groei, asof die nate van sy liggaam daar gevoeg word. Langs sy borskas af begin die kolle oopgaan in 'n klein roset. Binne-in die roset is daar 'n dieper kleur van geel as buite.

Hy is lig en donker, soos hy daar lê, maanlig en skaduwee. Hy leef nie, maar dit lyk of hy leef. Sy patroon vloei om sy kop en bene saam asof hy leef. Sy kop is 'n deel van die boom waarin hy gevind is. Sy liggaam is 'n veld vol donker blomme. Sy dooie oë is twee splete waarin maanlig opdam, vlak soos sanderige poele water.

"Hardloop," fluister ek. "Maak dat jy wegkom."

En ek maak die deur van die tronk vir hom oop.

Uit in die maanlig hardloop die tier, terug oor die stowwerige pleintjie, juigend in die rigting van die berg. Die laaste wat ek van hom sien, is die donker kwas van sy stert, wat roekeloos heen en weer swaai in die galop van sy groot, sterk pote.

Petra Muller, *Werf in die Rûens* (1980)

– Sy ervaring van die tier is in kontras met die van die jagters. Hoe so?

– In watter toon praat sy van die tier?

– In die slot van die verhaal word die tier figuurlik gesproke weer lewendig en hardloop die berge in. Wat is die simboliese betekenis daarvan?